Katjies... katjies... katjies !

deur Pandora Alberts

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-2-7

Illustrasies: Pandora Alberts

©The Humane Education Trust
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van The Humane Education Trust gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of met enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

Lucy, 'n pragtige troeteldier

Belinda het 'n spesiale troeteldier gehad. Haar naam was Lucy en sy was 'n pragtige wollerige wit katjie met 'n pienk neusie. Haar ogies was 'n geheimsinnige blou kleur en sy het 'n baie lang stert gehad. Belinda en Lucy was beste vriende. Wanneer Belinda van die skool af by die huis kom, het Lucy vir haar gewag. Soms het sy agter die hek uitgespring na Belinda, of sy het in die Jakarandaboom geklim en dan trek sy Belinda se haarstrik uit as sy verbyloop.

Sy het daarvan gehou om in Belinda se popwaentjie rondgestoot te word, aangetrek met babakleertjies met 'n gebreide teddiebeertjie langs haar ingedruk! Sy het ook daarvan gehou om agter in Belinda se rugsak te ry, of om op te krul in Belinda se skoot terwyl sy televisie kyk. Snags het sy op haar bed geslaap, waar sy onder Belinda se arms inkruip en spin soos 'n klein motortjie.

Lucy het gou groot geword. Sy was versot daarop om snags by die venster uit te spring en prooi te gaan soek in die maanverligte tuin. Sy het skadu’s op die stoep gejaag en het vriende gemaak met 'n klomp ander katte wat op die tuinmure geloop het. Baiekeer was sy weg tot vroeg in die oggend as die voëltjies begin sing in die Jakarandas.

Lucy word ‘n mamma

“Jy's nou amper 'n groot kat,” het Belinda gesê, terwyl sy Lucy se sagte pels streel. Lucy se magie het vinnig begin vet word.

“Grote griet, ons moet haar nie so baie kos gee nie,” het Belinda se ma gesê.

“Ek het nuus vir jou,” het Belinda se ouma gesê. “Lucy gaan klein babakatjies kry. Die pappa kat is seker een van die katte wat op die mure rondloop.”

“Babakatjies? Aaai!" Belinda was baie bly. Sy kon nie wag vir die dag wanneer die katjies gebore sou word nie. Sy was selfs meer opgewonde toe sy van die skool af kom een middag en sien dat Lucy geboorte gegee het aan vier klein babatjies in haar klerekas. Sy het trots die klein katjies gelek met haar pienk tongetjie.

“O! Hulle is so dierbaar!” het almal gesê. Belinda het met Lucy se babatjies gespeel. Daar was 'n wit een, 'n swart een, 'n ligte grys streperige een, en 'n wollerige een met kolle, net soos Lucy. In die begin was die katjies se ogies toe, maar na vier of vyf dae het hulle ogies oopgegaan. Soos hulle groter geword het, het hulle meer lewendig en vol streke geraak. Hulle het op die gordyne geklim en op die tafel gespring. Moeder was nie tevrede nie.

“Ons kan nie al hierdie katte hou nie,” het sy vir Belinda gesê. “Jy moet huise vir hulle kry.”

“O nee!” het Belinda gehuil. “Hulle is Lucy se kinders!”

Nietemin, Moeder was ferm: “Vyf katte! Onmoontlik!” het sy gesê. Met 'n swaar hart het Belinda die katjies in 'n mandjie gesit en skool toe geneem om hulle weg te gee. 'n Klomp kinders wou die katjies hê. Dit was sommer maklik om huise vir hulle te kry.

Katjies terug, katjies verlore en katjies gevind

Daardie aand was daar 'n klop aan die deur. Daar staan die seun wat die wit katjie gevat het. Langs hom is sy pa met die katjie in sy hande. “Ons kan nie 'n kat aanhou nie,” het die seun se pa gesê. “Ons bly in 'n woonstel op die tiende verdieping. Ons het geen tuin nie. Almal is elke dag uit. Dis nie die lewe vir 'n dier nie. Hoekom het iemand my nie eers gevra of my seun 'n kat mag kry nie? Julle behoort nie net diere weg te gee as julle nie weet wat se huise hulle gaan kry nie.”

Hy het baie kwaad geklink. Belinda het die wit katjie terug-gevat. “Ek's jammer,” het sy gesê. “Ek het nie daaraan gedink nie.”



Sy het nou bekommerd geraak oor die ander katjies wat sy weggegee het. Gaan hulle goed versorg word? Môre is dit Saterdag. Sy het besluit sy sal na die ander kinders se huise toe gaan vir wie sy die katjies gegee het. Die meisie wat die swart katjie gevat het, het baie hartseer gelyk.

“My hond het die katjie doodgebyt,” het sy gesê. “Ek het nie gedink hy sou so iets doen nie.”

“Jy het my nie vertel dat jy 'n hond het nie!” het Belinda geskreeu. “Nou is my katjie dood!”

“Sy was nie jou katjie nie!” het die meisie terug geskreeu. “Jy het haar vir my gegee."

“Nou's sy niemand se katjie nie,” het Belinda gehuil toe sy omdraai. Sy was amper te bang om uit te vind oor die ander katjies.

Die liggrys, gestreepte katjie het weggeraak. “Dis so snaaks,” het die ouer suster gesê van die meisie wat hom gevat het. Ons het hom in die tuin gesit, en hy spring toe op en hardloop in die pad af. Hy was so bangerig. Ons het gesoek en gesoek, maar daar was geen teken van hom nie.”

Niemand het daaraan gedink om die katjie eers binne die huis op 'n stil plek te hou totdat hy sy nuwe familie leer ken het nie.

Belinda het gesien hoe jaag die motors in die pad af.
Wat 'n gevaarlike plek vir 'n verlore katjie!

Met 'n swaar hart het sy aan die laaste huis se deur geklop. Doodstil. Sy het weer en weer geklop. Daar was niemand tuis nie. Belinda wou net omdraai en loop toe sy 'n miaau-geluidjie hoor. Sy kyk op en sien die klein, swart, wollerige katjie op die dak. Sy het vasgesit.

“Ag nee! Hoe het jy daar bo gekom? Wat moet ek nou doen?” Sy kon nie by die katjie uitkom wat in die geut vassit en skreeu nie. Uiteindelik het Belinda 'n vriendelike buurman gekry wat 'n leer gebring het. Hy het opgeklim en die katjie gered.

“Ek's verbaas dat hierdie familie 'n katjie het,” het die buurman gesê. “Hulle gaan elke naweek na hulle vakansie-huis toe. Hulle het seker gedink die klein katjie gaan na homself kyk.”

Belinda het die klein lyfie styf vasgehou en gevoel hoe sy hartjie vinnig klop onder die sagte pels. “Ek neem jou terug huistoe,” het sy vir die katjie gefluister. “Dit was 'n groot fout om jou hierheen te stuur!”

Ouma gee raad

By die huis het Belinda en haar ma gestry. “Ons MOET hierdie twee katjies hou!” het sy gekerm. “Die nuwe huise was vreeslik. Die mense het nie geweet hoe om na hulle diere te kyk nie. Hulle het gesê hulle wou hulle hê, maar hulle wou nie regtig nie.”

“Ons kan nie drie katte hou nie, Belinda,” het haar ma gesê. “Hierdie katte gaan ook babas kry. Hoeveel katte gaan ons dan uiteindelik hê? Honderde!”

Ouma het raad. “Daar's net een oplossing, en ons moes eerder daaraan gedink het. Ons moet die katte na die vee-arts neem om te laat steriliseer. Dan kan hulle nie babas kry nie. Ons kan al drie hou as hulle nie meer gaan teël nie.”

“Wat beteken steriliseer?” het Belinda gevra.

“Dit beteken dat die vee-arts ‘n klein operasietjie op die kat doen om die dele te verwyder wat die babatjies maak", het Ouma gesê.

“Wel, ons moet dit gou-gou laat doen,” het Moeder gesê. “Ons wil nie meer treurige stories hê nie.”

Die operasies was nie baie duur nie. Belinda se ma het gesê dis die moeite werd vir al die mishandeling wat verwaarloosde diere kry.

Lucy en haar twee dogtertjies is tevrede, en Belinda ook, want nou hoef sy nie meer huise te soek vir die katjies nie!

Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis, geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST